**GRONDWET VAN DIE KLEINFONTEIN INWONERS VERENIGING**

**1. NAAM EN REGSPERSOONLIKHEID**

1.1 Die naam van die Vereniging is die Kleinfontein Inwoners Vereniging of die KIV, (hierna na verwys as die "Vereniging").

1.2 Die Vereniging is 'n regspersoon wat in eie naam mag dagvaar of gedagvaar mag word en wie se bates en laste afsonderlik van dié van sy lede is.

1.3 Die aanspreeklikheid van die lede is beperk tot enige bedrae wat lede aan die Vereniging verskuldig mag wees.

1.4 Die lede van die Vereniging en/of die bestuurslede is nie persoonlik aanspreeklik vir verliese of enige ander aanspreeklikheid, wat vir die Vereniging of vir lede van die Vereniging mag ontstaan nie; selfs nie waar sodanige verlies uit die optrede van bestuurslede of lede voortspruit nie, mits sodanige optrede ter goedertrou en ooreenkomstig hierdie Grondwet plaasgevind het.

1.5 Elke lid van die Bestuurskomitee en werknemers en agente van die Vereniging word gevrywaar deur die Vereniging van alle aanspreeklikheid, verliese, regsgedinge, eise, skadevergoeding wat mag ontstaan voortspruitend die uitvoering van sy pligte, soverre dit binne die vermoë van die Vereniging is.

**2. DOELSTELLING**

Die doelstelling van die Vereniging is om die individuele en gemeenskaplike belange van die lede van die Vereniging in die algemeen te bevorder en te beskerm.

**3. LIDMAATSKAP VAN DIE VERENIGING**

3.1 Lidmaatskap tot die Vereniging is beperk tot aandeelhouers en inwoners van Kleinfontein wat normaalweg daar woonagtig is en wat die Grondwet en doelstellings van die Vereniging, die reëls van die Vereniging en die missie van Kleinfontein onderskryf en nakom, uitgesonder dienende lede van die Direksie van Kleinfontein Aandeleblok (Edms) Bpk (hierna na verwys as KA) en werknemers van KA wat in bestuursposte dien.

3.2 Lidmaatskap is gratis.

3.3 Lidmaatskap word verkry deur aansoek te doen by die Bestuurskomitee van die Vereniging.

3.4 Die Bestuurskomitee van die Vereniging mag 'n lid se lidmaatskap toestaan en beëindig, wanneer sodanige lid nie meer kwalifiseer vir lidmaatskap nie.

**4. GEDRAGSREËLS**

4.1 Die Bestuurskomitee mag van tyd tot gedragsreëls bepaal vir die beheer, ordelike reëling en bevordering van die werksaamhede van die Vereniging.

4.2 Die eerste reëls van die Vereniging is soos uiteengesit in Bylae A.

4.3 Elke lid onderneem teenoor die Vereniging dat hy sal voldoen aan die bepalings van hierdie Grondwet en enige gedragsreëls wat gemaak is ingevolge klousule 4.1 hierbo.

**5. BESTUURSKOMITEE**

5.1 Die Vereniging sal ‘n Bestuurskomitee hê, wat uit minstens 5 persone moet bestaan.

5.2 ’n Bestuurslid moet ‘n lid van die Vereniging wees en word by wyse van ‘n gewone besluit tydens ‘n Algemene of Spesiale Ledevergadering verkies.

5.3 Die Bestuurskomitee mag persone tot die Bestuurskomitee koöpteer soos en wanneer nodig.

5.4 Die Bestuurskomitee moet jaarliks herkies word tydens die Algemene Vergadering van die Vereniging.

**6. ONTSLAG VAN BESTUURSKOMITEE LEDE**

6.1 Die amp van bestuurslid sal beëindig indien:

6.1.1 Hy bedank.

6.1.2 Hy onbevoeg of onbekwaam is om as bestuurslid op te tree; of

6.1.3 Hy deur die Bestuurskomitee ontslaan word.

6.2 Indien ‘n vakature ontstaan in die Bestuurskomitee voor die daaropvolgende Algemene Ledevergadering, sal die vakature gevul word deur ‘n persoon wat deur die oorblywende lede van die Bestuurskomitee aangestel word.

**7. WERKSAAMHEDE VAN BESTUURSKOMITEE**

7.1 Binne 7 (sewe) dae na 'n Algemene Ledevergadering, sal die nuutverkose Bestuurskomitee bymekaar kom en sal hul uit hul geledere ‘n Voorsitter en Sekretaris verkies en sodanige poste in die Bestuurskomitee skep as wat nodig mag wees.

7.2 Die Bestuurskomitee sal die besigheid en die sake van die Vereniging beheer en bestuur tussen vergaderinge van die Algemene Jaarvergadering.

7.3 Die Bestuurskomitee sal die Vereniging se finansies beheer en die nodige bankrekening namens die Vereniging open en bestuur met dien verstande dat alle betalings die handtekeninge van die Voorsitter en Sekretaris vereis.

7.4 Die Bestuurskomitee is verder verplig om te alle tye toe te sien dat 'n lederegister van die lede van die Vereniging bygehou word.

**8. VERRIGTINGE VAN DIE BESTUURSKOMITEE**

8.1 By 'n vergadering van die Bestuurskomitee vorm 50% (vyftig persent) van die getal bestuurslede 'n kworum.

8.2 Die vergadering van die Bestuurskomitee moet gehou word op 'n redelike en ordelike wyse soos wat die voorsitter van tyd tot tyd mag besluit.

**9. ALGEMENE LEDEVERGADERINGS VAN DIE VERENIGING**

9.1 Die Bestuurskomitee van die Vereniging moet toesien dat voor die laaste dag van September van elke jaar, die Vereniging 'n Algemene Ledevergadering hou.

9.2 Die Bestuurskomitee mag wanneer hulle dit goedvind, 'n Spesiale Ledevergadering byeenroep.

9.3 'n Algemene Jaarvergadering sal byeengeroep word met minstens 21 (een en twintig) dae kennisgewing en 'n Spesiale Ledevergadering by wyse van ten minste 7 (sewe) dae kennisgewing.

9.4 'n Kennisgewing van 'n Lede Vergadering moet per e-pos, gemagtig deur 'n besluit van die Bestuurskomitee aan die lede geskied en moet insluit:

9.4.1 die datum, tyd en plek van die vergadering;

9.4.2 die algemene doel van die vergadering;

9.4.3 in die geval van 'n Algemene Ledevergadering, die finansiële state of 'n opgesomde vorm daarvan van die Vereniging.9.5 By 'n ledevergadering is 'n kworum minstens 20% van die lede van die Vereniging.

9.6 Elke lid beskik oor een stem tydens die vergadering.

9.7 Die prosedure en reëls van die vergadering word deur die Voorsitter bepaal, wat moet toesien dat die vergadering op 'n ordelike en billike wyse geskied.

9.8 Die eerste Bestuurskomitee van die Vereniging sal by die eerste vergadering van die stigterslede verkies word en sal dien tot die eerste Algemene Jaarvergadering van die Vereniging.